

16 Oktober 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 35

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Die mag van sosiale media: 'n Ware verhaal

Saterdag 4 Oktober gaan ses van ons Ellispark toe om die Springbokke te ondersteun in hul stryd teen die All Blacks. Wat 'n genoeglike middag moes gewees het, word toe erg ontstig deur die gedrag van vier jong lummels agter ons.

Van die oomblik dat hulle aangekom het, was hulle erg luidrugtig. Dit was hinderlik, maar 'n mens verdra dit. Elkeen geniet sy rugby op sy eie manier. Maar toe begin hulle vloek en sommer baie lelik vloek. 'n Skoolmaat van my en sy vrou was saam en ek vra toe mooi beleef, in Engels want hulle was Engelssprekend, dat hulle asseblief let op hul taal voor 'n dame. Dit het vir 'n rukkie beter gegaan, maar toe begin hulle weer met nog viesliker vloekwoorde en krenkende taalgebruik (onder meer *rockspiders*). Weer praat ek vriendelik, weer gaan dit 'n rukkie beter.

Toe begin hulle sigarette rook. Ons vra dat hulle ophou, maar nou raak die klomp ergerlik met ons. Hoe later dit word, hoe meer vloek en rook hulle. Hulle het naderhand almal in die skare om hulle ontstig. Ons bly egter die hoofteiken van hul walglike gedrag. Hulle het my selfs daarop gewys dat ek baie oud is en een van die dae gaan doodgaan. Ons het die sekuriteitsmense geroep, maar ook hulle kon nie hond haaraf maak nie. Gelukkig beklink Pat Lambie die wedstryd in ons guns en kon ons huis toe gaan, bly oor die wen maar beswaard oor ons middag so bederf is.

Later die aand stuur my vriend vir my 'n foto van die groot belhamel se gesig. Hy was op 'n foto wat iemand van die drie van ons geneem het. Ek besluit dat ek die saak nie net daar gaan laat nie. Ek plaas sy foto met 'n beskrywing (in my beste Engels!) van hom en sy maats se optrede op my Facebook-profiel en vra dat mense dit sal versprei in die hoop dat die jong knaap se ouers, vriende of werkgewers kennis sal neem van sy doen en late.

Teen Sondagoggend het 74 mense my plasing gedeel. Sondagaand trek dit oor die 600. Maandagoggend vat dit vlam: Teen 07:30 het 2 675 mense my plasing gedeel, teen 10:56 was dit 4 045, en teen 14:00 was dit 6 356.

Ek het die middag Kaapstad toe gevlieg vir 'n konferensie en terwyl ek my huurmotor kry, lui my selfoon. Dis die mannetjie op die foto. Hy erken dat hy en sy maats verkeerd opgetree het en vra my met 'n bewerige stem innig om verskoning. Hy soebat my om die plasing te verwyder, want hy is erg in die verleentheid. Ek vra hom om verder te praat met my vriend, wat toevallig 'n prokureur is en toe sommer *my prokureur* word. My vriend sê dat ons sal oorweeg om die plasing te verwyder as ons 'n skriftelike verskoning kry. Dié was binne minute by ons. Toe ek uiteindelik die plasing verwyder, het 8 672 mense dit al gedeel. As elkeen 'n gemiddeld van 100 kontakte het, beteken dit ongeveer 867 200 mense het dié kêrel se gesig gesien!

Die hele episode hou 'n klomp lesse in, dalk veral vir die jonger geslag:

- 'n Mens moet nooit die reikwydte van sosiale media onderskat nie en jy moet daarom uiters versigtig wees met wat jy daarop plaas.
- Dis een ding om braaf te wees tussen jou besope vriende op 'n pawiljoen. Dis iets heeltemal anders as jou optrede in die kollig van die openbare oog beland.
- Ons samelewing duld nie kru optrede nie. Die tsunami van mense wat my plasing gedeel het, bevestig dit.
- En laastens: Wees baie versigtig as jy met "bejaarde" ooms skoor soek. 'n Ou jakkals is 'n geslepe jakkals.



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Ds Etienne Fourie

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.



Alwyn en Hermien Joubert

- **Ds Deon du Toit** is ernstig siek en in Unitas-hospitaal met galblaasprobleme. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.
- Baie geluk aan **finalejaar teologiestudent Alwyn Joubert en Hermien Pieters** wat op Saterdag 4 Oktober deur ds Anneline Geyer van Gemeente Kempton Park-Oos in die huwelik bevestig is.
- Die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** het Maandagaand 13 Oktober hul bestuur vir 2015 gekies. Hulle is Jaco Griessel (Abactus), Dewald Kruger (Assessor), Willem Dreyer (Praeses) en Michael Muller (Fiscus).
- **Gemeente Durban-Suid** kon nog nie 'n predikant kry om die erediens op 9 November om 08:30 te lei nie. Is daar dalk een van ons predikante wat in Durban of omgewing vakansie hou en daardie Sondag by die gemeente wil aansluit? Skakel prof Bieks Beukes (072 036 4960) of Isabel Dirker (083 657 5182).
- Gemeentes word vriendelik daaraan herinner dat die huidige boekjaar van die **Bybelgenootskap (BSA)** op 31 Oktober sluit. Bydraes aan die Bybelgenootskap moet asseblief **teen Vrydag 24 Oktober** oorbetal word om te verseker dat dit betyds ontvang word. **Die deurkollekte van Hervormingsondag 2014 (26 Oktober) moet asseblief eers in November oorbetal word** as die eerste bydraes vir die 2015-boekjaar. **Alle gemeentes in die RSA** word daaraan herinner dat bydraes direk oorbetal moet word aan die Kempton Park Administratiewe Sentrum en nie aan enige ander Streekkantoor van die BSA of die ring of die Raad van Finansies nie. Gemeentes moet hul donateursnommer (soos dit in die gereelde bydraestate verskyn) as verwysing gebruik. Die mees resente state is reeds 'n geruime tyd gelede gepos maar ook onlangs per e-pos aan alle gemeentes gestuur weens die posstaking. Mev Anne-Marié Nortjé kan ook gedurende kantoorure (08:00-16:00) by 011 970 4010 geskakel word vir donateursnommers of bydraesaldo's. Die BSA se bankbesonderhede is soos volg: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ABSA Kempton Park, takkode 632 005, rekeningnommer 260 220 748. Bevestig asseblief alle inbetalings per faks (011 970 2506) of e-pos aan nortje@biblesociety.co.za. Die **bydraemikpunt** is **R40** per belydende lidmaat.
- **Aksiegroep vir Bejaardes.** Bejaardes besef dat hulle vanweë hul ouderdom nader aan hul natuurlike dood is. Hierdie besef bring dikwels spanning asook vroeë vore. Veral vroeë oor die dood en die lewe na die dood lei tot onsekerhede, twyfel en selfs angstigheid. Gesprekke met bejaardes oor hierdie en ander geloofsake moenie vermy word nie, maar moet met deernis vanuit die Woord hanteer word. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.
- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir 'n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal 'n teologiese gegradueerde wees met 'n belangstelling in evangelisasie. 'n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal 'n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir 'n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan 'n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by ajpienaar1@gmail.com.





- **NHSV beurse en lenings vir 2015.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitse Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word van www.nhsv.org.za, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2014**.

- **Bestellings vir die kerklike publikasies** moet nou na SENTIK gestuur word. Kontak mev Susann van Zyl by sentik@nhk.co.za, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054. Die **pryse** van die publikasies in 2015 is soos volg:

- **Konteks:** R185 vir 10 uitgawes (R25 + posgeld per individuele uitgawe as u nie inteken nie)
- **Almanak/Bybelse Dagboek:** R140 (+ R35 posgeld as u die publikasie nie by u gemeente ontvang nie)
- **Die Hervormer:** Individuele intekenaars R110 vir 11 uitgawes (R15 per individuele uitgawe as u nie inteken nie)

Deur kerkrade se tradisionele intekening op 'n aantal gedrukte eksemplare van *Die Hervormer* te omskep in 'n jaarlikse bydrae tot kerklike kommunikasie, sal dit moontlik wees om van Januarie 2015 af *Die Hervormer* in gedrukte formaat én elektronies uit te gee. In die meeste gevalle sal dit vir die gemeente 'n besparing meebring, terwyl dit meer lidmate die geleentheid sal gee om *Die Hervormer* te lees waar en wanneer dit hulle pas. Dit hou ook die voordeel in dat lidmate wat *Die Hervormer* elektronies lees, nou onder elke berig kommentaar kan lewer.

Onthou dat die publikasies in die eerste plek as **toerusting** vir ons lidmate en gemeentes bedoel is. Daarom vra ons ook dat die **promosieskyfies** wat gewoonlik die laaste Donderdag van die maand saam met die *e-Hervormer* aan gemeentes gestuur word, voor erediens saam met die gemeentelike advertensies vertoon word. Dankie aan die gemeentes en predikante wat die promosieskyfies gereeld vertoon en die kerklike publikasies ondersteun.

Liturgiese kalender

- **Biddag vir die Gesaaides / Dankdag vir die Oes (19 Oktober)**

Op hierdie Sondag doen die Kerk voorbedding vir 'n suksesvolle oes, en/of dank vir die suksesvolle oes – afhange van waar 'n mens in Suid-Afrika woon. Die kerk het hierdie praktyk by die Jode van die Ou Testament oorgeneem, maar dit gevul met inhoud uit die Nuwe Testament. Die veronderstelling is dat predikante oor die voorsienigheid van die drie-enige God sal preek, óf waar dit gepas is oor dankbaarheid vir sy daaglikse voorsienigheid. Daar behoort in die besonder voorbedding gedoen te word vir die boeregemeenskap en vir suksesvolle en betroubare voedselproduksie. Aangesien die meeste mense nie meer in landelike gebiede woon nie, maar in stede waar hulle deel het aan die industriële lewe, kan ook gekonsentreer word op arbeid en arbeidsomstandighede. Geregtigheid rondom indiensnemingspraktyke en lone kan daarom ook aandag geniet.

- **Hervormingsondag (26 Oktober)**

Op 31 Oktober vier die kerke van die Reformasie hul geseënde weg wat op hierdie dag in 1517 begin het. Hierdie feesviering word vanjaar liturgies na Sondag 26 Oktober verskuif. Dit sal goed wees as predikante op hierdie Sondag aan een van die teologiese grondbeslissings van die Reformasie aandag kan gee. Daar kan oorweging geskenk word aan die regverdigsleer, die onderskeiding van wet en evangelie, die redusering van die getal sakramente tot die doop en Nagmaal, en die konsentrasie op vryheid as die kernpunt van die Christelike geloof. Die liturgiese kleur vir hierdie dag is rooi en die liedere van Luther en Paul Gerhardt (die beste interpreteerder van die Lutherse teologie) kan gesing word.



Spesiale erediens

- **Gemeente Zuurfontein: 75-jaar-viering**
Sondag 16 November om 10:30
Erediens waargeneem deur dr Wim Dreyer
Openbare belydenis van geloof waargeneem deur ds Hannes Janse van Rensburg
Groeteboodskappe van Kommissie van die AKV en ring van Zuurfontein
Bevestig teenwoordigheid voor 31 Oktober
082 927 3700 of hannes@nhzuurfontein.org

Allegaartjie

Ons kan nie word wat ons moet wees as ons bly wat ons is nie. Die **Nobelprys** is maar die tweede hoofstuk van Alfred Nobel se verhaal. Nobel was die Sweedse chemikus wat sy fortuin gemaak het met die uitvinding van dinamiet en die ander kragtige ploffstowwe wat in wapens gebruik word. Toe sy broer sterf, het een koerant per ongeluk Alfred se lewensberig geplaas. Dit het die afgestorwene beskryf as een wat ryk geword het deur mense in staat te stel om mekaar in ongekende getalle dood te maak. Geruk deur dié oordeel, het Nobel besluit om sy fortuin aan te wend om prestasies te bekroon wat die mensdom bevoordeel het. (Uit: *Word die leier wat jy kán wees* van John C Maxwell, 1993)

Gedig

*Van al my liggeel dae
teken ek hierdie een op;
dat ek later kan weet hoe swerms
duiwe van die dakke waai,
en dat ek, as ek wil,
later kan lees van 'n liggeel
dag en van jou hier langes my.*

Wilma Stockenström
(Uit: *Vir die bysiende leser* 1970)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 16 Oktober: Ds SS (Sonia) van Wyk (Van Warmelo)
 - Vrydag 17 Oktober: Prof JH (Jan) Barkhuizen (emeritus)
 - Saterdag 18 Oktober: Dr JH (Johan) van Staden (Sionspoort), di WP (WP) Prinsloo (emeritus) en JBJ (Kiewiet) van Deventer (Malelane)
 - Sondag 19 Oktober: Ds HN (Hein) Kloppers (Krugersdorp-Oos/Noordrand)
 - Maandag 20 Oktober: Ds GJ (Gert) van Jaarsveld (emeritus)
 - Dinsdag 21 Oktober: Ds JD (Jan) Grobler (emeritus/Kroonstad)

Beplande vergaderings

- Donderdag 16 Oktober: OSR Personeeldag
ADV Dagbestuur
- Vrydag 17 Oktober: Moderamen
- Maandag 20 Oktober: Kernkomitee Finansies en Administrasie
- Dinsdag 21 Oktober: ADV Kommunikasie
- Woensdag 22 Oktober: OSR Werkwinkel

- o Donderdag 23 Oktober: Redaksie van *Die Hervormer*
Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
- o Vrydag 24 Oktober: Raad van Finansies
OSR Finkom

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia: Studentebehuising vir 2015**
Enkelkamers met gemeenskaplike badkamers en kombuis
Stapafstand van Universiteit van Pretoria
Veilige parking
Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 (tussen 08:30 en 13:00)
of philadelphia@nhk.co.za
- **Gemeente Bronkhorstspuit: Aftree-eenhede**
De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspuit
Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg. Pryse vanaf R730 000 onderhewig aan eskalاسie. Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van 'n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts. Belangstellendes kan die gemeente gedurende kantoorure kontak by 013 932 2929 of 082 353 9752.



Studente-akkommodasie Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Skryfwenke

Dis die klein jakkalsies wat die wingerde verniel. Onbewustelike foute. Anglisismes, kontaminasies (beïnvloeding van een woord deur 'n ander), pleonasmes (woordtoortligheid, byvoorbeeld 'n ronde sirkel), verkeerde woordkeuses. Die moontlikhede vir foute is eindeloos.

- *aangaan / voortgaan*
Die ma kyk wat in die kinders se kamer *aangaan*.
Die vergadering *gaan voort* (nie *gaan aan*).
- tussen / in aanhalingstekens
Skryf 'n woord *tussen* (nie *in*) aanhalingstekens.
- *aanspreek*
'n Probleem word nie *aangespreek* nie; dit word aangevoer, daar word aandag daaraan gegee of dit word benader, aangepak, bespreek, blootgelê, oopgevlak, ondersoek, opgelos of uit die weg geruim, maar beslis nie *aangespreek* nie. Die



fout het waarskynlik ontstaan weens 'n onomsigtige vertaling van *address an issue*.

- *amerikanisering*
'n Populêre woord, omdat Amerika dikwels so oorheersend is! Die Engelse vorm is *Americanisation / Americanization*, met 'n hoofletter. In Afrikaans praat ons volgens die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van *amerikanisering*. Die *Tweetalige Woordeboek* van Bosman en andere gee drie alternatiewe, naamlik *veramerikaansing*, *amerikanisasie* en *amerikanisering*. Moenie die verskillende vorme kontamineer nie!
- *as sodanig / as sulks*
In Afrikaans gebruik ons woorde soos *sulke* en *sulks*. *As sulks* is egter 'n Anglisisme, en die korrekte Afrikaans is *as sodanig*.
- *bestee / spandee / uitgee*
Geld word *bestee* aan paaie of *uitgegee* op klere, of *gespandee aan* (nie op) luukshede.
Tyd word op 'n plek *deurgebring*, of *bestee* (nie *gespandee*) *aan* 'n projek.
Aandag word *aan* 'n saak *bestee* of *gewy*.
- *deur en deur / uit en uit*
Die korrekte Afrikaans is *deur en deur*, byvoorbeeld: *Dit was deur en deur die moeite werd*.
- *dien in / dien op*
'n Mens dien *in* 'n kerkraad, kommissie, komitee, bestuur, raad, ensovoorts.
- *ek en my vriend / my vriend en ek*
Die volgorde in Afrikaans is: *ek en my vriend*.
- *in hierdie stadium*
tans / nou / in hierdie stadium, en *nié op hierdie punt in tyd of op hierdie stadium* nie.
- *waak teen*
Dit is verkeerd om te sê: *Jy moet daarteen waak dat jy nie in die versoeking kom nie*. Die korrekte vorm is: *Jy moet daarteen waak dat jy in versoeking kom*.
- *wel en wee*
Foutief: Die *wel* en *weë* van die lewe.
Korrek: Die *wel* en *wee* van die lewe.

Konserte en feeste

- **Saterdag 18 Oktober om 19:00: Gemeente Zuurfontein: Grootseun 2**
Gebaseer op Grootseun-briewe van Barend Vos in *LIG*
Om fondse in te samel vir aanbou van kinderkerklokaal
Plek: NG Kerk Kempton Kruijn, Fiskaalstraat, Glen Marais
Kaartjies: R80 elk (vertoning is uur lank sonder pouse)
Kontak Annelize Viljoen by 072 052 9193 vir kaartjies

Sportbyeenkomste

- **Donderdag 30 Oktober: Gemeente Swartkop**
Derde Prestigegholfdag
Dienste Gholfbaan Tshwane
4-bal beterbalslagspel (*4 Ball Better Ball Stableford*)



Die funksie met Frik du Preez as speler en spreker die aand belooft om 'n **grootse geleentheid** te wees wat besondere waarde tot die gholfdag sal toevoeg! Die doelwit is om R100 000 in te samel vir **barmhartigheid** deur middel van borge, skenkings en spelers. Besprekings en betalings word deur die gemeentelike kerkkantoor hanteer. Kontak die kantoor per e-pos nhswartkop@telkomsa.net of telefonies by 012 654 3471 gedurende kantoorure (weekdae van 08:00 tot 13:00).

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Noord: Eisbeinfees**
Vrydag 17 Oktober vanaf 16:00
Ben Viljoenstraat 287, Pretoria-Noord
R75 per persoon
Navrae by 012 546 6445
- **Gemeente Noordwestelike Pretoria**
Wen 'n bakkie: Nissan Champ 1997-model
Kaartjies R20 elk, boekie met 5 kaartjies R100
10 of meer boekies word gratis afgelewer in Pretoria
Trekking 25 Oktober
Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592
of Piet Dreckmeier by 072 443 8831
- **Midstream Familiekerk se Vroue-in-Aksie**
Vrydag 7 November om 19:30: 99 Hits
Sluit musiek vir almal se smaak in
Ten bate van **Van Rensburg-tehuis vir bejaardes**
Barnyard Parkview (Pretoria)
Kaartjies R170 per persoon
Tafels van 10 persone beskikbaar vir groepe
Bring eie verversings of bestel vooraf by die teater 'n pizza/eetgoed
Kontak Carlien Pretorius by 082 9271501 of carlien@wildfiggroup.com
vir besprekings en meer inligting
- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
 - **Wen 'n skootrekenaar:** Samsung Notebook NP270E5E
R10 per kaartjie
Kontak Tobie by 083 327 1500 / nhksasolsuid@gmail.com
 - **Wen 'n versamelaarsmes**
R50 per kaartjie
Navrae aan nhksasolsuid@gmail.com
 - **Koop 'n motorfiets:** Kawasaki ZZR 1100
Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
R22 000 onderhandelbaar
Vir fondsinsameling vir gemeente
Kontak Freddie by 083 436 1402

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Oktober 09:00-17:00: Gemeente Kempton Park-Oos**
Kontreifees met kunstenaars Willem Botha en Monique
Verskeie uitstallers (daar is nog plek vir uitstallers)
Kosstalletjies en vermaak vir kinders
Toegang: R50 per volwassene, R25 per laerskoolkind, voorskool gratis
Navrae aan ds Anneline Geyer by 082 924 7344 / anneline@kpo.co.za

NHKA Gemeente Pretoria-Oos

KERSMARK & TEETUIN

23-25 Oktober
08:30-17:00
Verskeie uitstallers, geskenke vir die hele gesin

BASAAR

25 Oktober
08:00-14:00
Met Jeugarena vir die kinders



Delyweg 100, Waterkloofpark, Pretoria
Navrae: 012 460 8441

- **Saterdag 25 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Noordwestelike Pretoria Jaarlikse Varkmark**

Pap-en-kaiings, ribbetjies-en-aartappels, *jaffles*, kerrie-en-rys, pannekoek
Vetkoek-en-maalvleis, varkvleisprodukte, koek, poeding en meer
Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592

ANDER NUUS

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Wes-Kaap Prestige dinee vir Bybelverspreiding**

Spreker: Sakeleier Brand Pretorius oor *dienende leierskap*

Datum: 24 Oktober 19:00 vir 19:30

Plek: NH The Lord Charles Hotel, Somerset-Wes

Drag: Formeel / tradisioneel

R490 per persoon / R4 800 vir tafels van tien

Individuele besprekings welkom

Kontak Heila van Wyk by 082 670 2968

of stuur 'n e-pos na heilavw.liaison@gmail.com

- Die **Bloemfontein Bible Run** word op **Sondag 26 Oktober** gehou. Ryers sal om 08:30 by die Bikers Church in Bloemfontein bymekaarkom vir 'n spesiale diens, waarna hulle die pad vat na Maselspoort. Diegene wat saamry, het 'n keuse van teer- of grondpad. Vir meer inligting, kontak Gerrie van Dyk by 083 448 2127 of Wimpie Burger by 083 456 6075.

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.



Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). (Die prys styg met ingang van Januarie 2015.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Here, U wat hierdie mense liefhet
wat ek nie kan verdra nie,
U wat die harte verstaan
van hulle wat ek nie kan begryp nie,
U wat die innerlike worsteling ken
van hulle wat ek ignoreer,
U wat die goeie motief sien in mense se optrede
wat ek as skynheilig beskou –
open tog my oë en my hart.
U ken my beter as wat ek myself ken;
U het my lief as wat ek myself het...
Here! Leer my liefhê met u liefde.

(Geneviève Graves)

